

Maandag 23 September

Skrifgedeelte: Romeine 13:1-7

Fokusgedeelte: Romeine 13:1-7

Gehoorsaamheid aan die owerheid

Dit is 'n moeilike een vir ons almal. Die owerheid van vandag lyk beslis nie daargestel deur God nie. Al wat 'n skande is, word by ons owerheid gevind. Nou verwag die Here ons moet aan hulle gehoorsaam wees?

Paulus noem ook dat die owerheid 'n “dienaar van God” is. Dit maak nie sin nie, nê? Of die owerheid nou goed of sleg is, God het steeds aan hulle gesag gegee en daarmee kom sekere verantwoordelikhede ook. Hulle moet byvoorbeeld die kwaaddoeners straf en die deugsames beskerm. Ook ons het 'n verantwoordelikheid om byvoorbeeld belasting te betaal.

Maar wat nou? Wat staan ons vandag te doen? Paulus weet ons gaan hierdie vraag vra. Hy vra: “Wil jy sonder vrees vir die owerheid lewe?” Hy gaan verder: “Doen dan wat goed is, en die owerheid sal jou prys.” Ons is so geneig om die probleme te sien. Maar as ek en jy goed doen, kan geen owerheid of enigiemand met gesag by ons fout vind nie. Dit is die kruks van die saak.

As Christene moet ons voortgaan om goed te doen. Wanneer ons goed doen, kan die owerheid ons as kinders van God nie misken nie. Dan staan ons met skoon gewetens voor God en die owerheid. Sien, as ons lewe soos mense wat aan God behoort en aan Hom gehoorsaam is, val alle vrees weg. Selfs die vrees vir die owerheid waarmee ons vandag lewe. As ons aan God se kant is, sal die owerheid, wie hulle ook al mag wees, ons nie bangmaak nie. Wat ook al gebeur, sal God se wil wees.

Sing: Psalm 46-1:1, 6

Dr. GJ Niemann (Gerhard) (Cullinan)